

PERSVERKLARING – POSITIEWE BEK EN KLOUSEER RESULTATE IN DIE MOLEMOLLE DISTRIK VAN LIMPOPO

Bevestiging deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye dat 'n geval van bek-en-klouseer in die Molemole-distrik van Limpopo geïdentifiseer is, is uiters kommerwekkend. Dit het nie net 'n negatiewe uitwerking op die rooivleisbedryf nie, maar ook op die landbou-sektor as 'n geheel.

Ná die uitbreking in Januarie 2019 is daar hard gewerk om Suid-Afrika se bek-en-klouseer vrye sone status te herstel. Dié jongste verwikkeling is 'n ernstige terugslag. Dit is noodsaaklik dat die omvang van die probleem dringend bepaal word.

Daar moet ook nou ernstig besin word oor die kwessie van aanspreeklikheid. Bek-en-klouseer is 'n beheerde siekte en is as sulks die primêre verantwoordelikheid van die nasionale en provinsiale departemente van landbou om dit te beheer. Die bedrywe is deur middel van die nasionale en provinsiale Dieregesondheidsforums betrokke en speel 'n ondersteunende rol in die beheer van die siekte.

Daar is volle begrip vir die feit dat die owerheid tans onder kapasiteitsprobleme gebuk gaan, maar dit het waarskynlik tyd geword om te prioritiseer en op die kritiese aspekte te fokus in terme van beheermaatreëls van siektes soos bek-en-klouseer, wat 'n implikasie op internasionale handel het.

Dié uitbreking onderstreep weereens die noodsaaklikheid van 'n naspeurbaarheidstelsel in die lewendehawebedryf. Daar sal ook gefokus moet word op die daarstel van kompartimente in terme van diersiektebeheer ten einde te voorkom dat internasionale handel tot n groot mate gestaak word wanneer bek-en-klouseer slegs in 'n geïsoleerde gebied uitbreek.

Die RPO sal, soos in die verlede, deur middel van die provinsiale en nasionale Dieregesondheidsforums sy volle ondersteuning gee om oplossings te help vind.

Die opskerpings van biosekuriteitsmaatreëls op plase is nou krities noodsaaklik en die beweging van vee in die gebied moet tot 'n minimum beperk word. Enige verdagte geval van die siekte in diere moet onmiddellik gerapporteer word aan die plaaslike staatsveearts.

Die rooivleisbedryf is internasionaal uiters mededingend. Die RPO sal onverpoosd daarna streef om die land se rooivleis uitvoerstatus te verbeter aangesien uitvoere die dwarslat vir al die rolspelers in die rooivleiswaaardeketting lig en tot hul voordeel sal wees.

Die RPO onderneem om sy volle samewerking te gee om die probleem saam met die betrokke owerhede in samewerking met die nasionale en provinsiale Dieregesondheidsforum aan te spreek. Dit is nou duidelik dat die saak op 'n meer indringende wyse hanteer moet word.

Bek-en-klouseer het geen invloed op mense nie en dit is veilig om produkte van gesplete hoef diere soos vleis en melk te gebruik.

NAVRAE:

Koos van der Ryst – Voorsitter Nasionale RPO

Sel: 0833037926

Gerhard Schutte – HUB Nasionale RPO

Sel: 0825567296